# Geboue-sorg

VIR diegene wat die saak van die restourasie en bewaring van ons geskiedkundige geboue op die hart dra, sal Woensdag, 8 April 1959, 'n gedenkwaardige dag bly: die oprigtingsdatum van die Stigting Simon van der Stel.

In die sierlike balsaal van die Kasteel en in dieselfde „Kat" waar die eerste Van der Stel meer as 250 jaar gelede gewoon het, is hierdie nasionale organisasie gebore. Onder die wakkere leiding van die S.A. Akademie vir Wetenskap en Kuns en in aanwesigheid van die Staatshoof, die Eerste Minister, kabinetslede, die Opposisieleier, administrateurs, burgemeesters, kultuurleiers van albei blanke bevolkingsgroepe, verteenwoordigers van die onderwys, argitekte en so baie ander wat in die verlede 'n deel bygedra het tot die aankweek van piëteit teenoor ons volkserfenis, het die strewe van jare in vervulling gegaan. Vir wie aanwesig was, was dit 'n sonderlinge voorreg om deel te hê aan 'n klinkende daad, vir wie dit deur pers en radio verneem het, was dit 'n heuglike tyding dat die skande van volksversuim nou eindelik deur 'n bepaalde aksieplan in 'n mate uitgewis sou word.

Slegs in 'n mate egter. Die omvang van die reddingsplan sal noodwendig beperk word deur wat nog oor is aan argitektonies-waardevolle geboue-besit. Soveel is al onherroeplik verlore. Daar is nog 'n beperking: hierdie nuwe Stigting wat op indrukwekkende wyse en met 'n mooi program van toekomstige werksaamhede ter wêreld gekom het, kan alleen vermag wat die volk — elkeen van ons — hom in staat stel om te bereik. Dit is geen staatsonderneming nie, hoewel die Regering reeds 'n bydrae beloof het om die organisasie oor sy eerste jaar administratief heen te help. Verdere staatsteun is afhanklik van die lewensvatbaarheid wat die Stigting Simon van der Stel gaan toon. Maar die dra-krag moet uit die volk kom.

Dit wil ons graag be-aam. Ons Genootskap en ons blad het hom van die begin sterk beywer vir die bewaring van die sigbare en tasbare kultuurbesit, vir die historiese museumwese in die algemeen — waar daar, helaas, nog so weinig vordering is om ons oor te verheug — en die behoud van ons kultureel-belangrike geboue. Ons sien in die oprigting van hierdie nasionale bewarings-stigting nou 'n gulde geleentheid vir elke lid van die Historiese Genootskap om mee te werk in sy eie omgewing om die terreine of geboue wat restourasie of bewaring verdien, onder die aandag te bring.

Agter die werklike taak van fonds-insameling, aankoop, bewaring en herstel lê daar na ons mening vir die Stigting Simon van der Stel ook 'n ewe belangrike werksaamheid waarsonder hy nooit met sukses sal kan funksioneer nie. Ons bedoel die opbou van volledige dokumentasie oor bestaande of selfs verdwene geboue. Oor wat môre herstel moet word moet die feite reeds in woord en beeld vandag vergader word. In hierdie feite-jag kan ons Genootskap se plaaslike takke 'n baie nuttige aandeel hê. Mag dit dan van nou af so wees, dat elke lid 'n nuusdraer vir ons Stigting Simon van der Stel sal wees, die oë en die ore van die Raad om niks aan die aandag te laat ontglip nie. En mag ons nog byvoeg: die Stigting sal geld nodig hê. Steeds sal die nederige bydrae welkom wees, maar daarby moet ook die ruimer skenkings kom van ons handels- en bedryfslewe. Ons moet dié wat groot kan gee, aanspoor om dit te doen.